**20 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30**
**Fokusgedeelte: Matteus 26: 26d, 27d**

**Gemeenskap deur saam Nagmaal te gebruik**

Die voorbereiding van die paasmaaltyd is getref, die verraaier is uitgewys en het reeds vertrek om sy bose voorneme uit te voer. Nou word die tradisionele pasga gevier. Gou is dit duidelik dat hierdie ’n oorgangsmaaltyd is, want in plaas van die woorde wat na die verlede verwys, “dit is die brood van ellende wat ons vaders in Egipte geëet het”, breek Hy die brood en sê: “Neem, eet, dit is my liggaam”, en met die beker: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.”

Jesus neem hulle die toekoms in. Die volgende dag is sy liggaam verbreek en sy bloed vergiet tot ’n volkome versoening vir hulle sonde. Daarom sê Jesus hierdie oorgangsmaal van die paasmaaltyd na die Nagmaal maak dit die eerste, maar ook die laaste, tot Jesus weer saam met hulle en ons van die nuwe wyn in die koninkryk van sy Vader sal drink.

Jesus se lewe is ’n gawe aan ons wat ons moet “vat”. Dit gebeur net deur die geloof. Net soos ons kos met die mond inneem, so moet ons Jesus se offer vir ons deur die geloof toe-eienend eet, ons eie maak. Deur te eet, te drink en te glo, deel ons in sy dood; ons ontvang vergifnis van sonde en kwytskelding van die dood.

Een vraag wat ons ons hele lewe lank elke dag moet beantwoord, is: Leef ek as verloste, as nuutgemaakte elke oomblik dankbaar teenoor my Verlosser?

*Sing: Psalm 23:3*

*Ds. S (Simon) Hibbert (Koster)*